The division between short-term government stock and "other" government stock represents an estimate on the same basis as for commercial banks.

Kwartaallikse ekonomiese oorsig

Vernaamste verwikkelinge

Die jongste beskikbare statistiek toon duidelik dat die nuwe sikliese opswaai in die Suid-Afrikaanse volkshuishouding, wat gedurende die tweede kwartaal van 1966 begin het, dwarsdeur die res van die jaar tot in die eerste maande van 1967 aangehou het. Hierdie nuwe opwaartse beweging was te vroeg in die sin dat dit ontwikkel het vóór die bestaande inflasionistiese druk aanmerklik verminder is en terwyl toestande van óórvollende besetting nog geheers het. Dit het gevolglik nie die vorm aangeneem van 'n versnelling in die koers van toename in fisiese produksie of reële inkome nie, maar hoofsaaklik van 'n vinniger toename in totale kapitaal- en verbruiksbesteding in geldelike terme. Onder die bestaande toestande het dit natuurlik gedreig om die inflasie te vererger.

'n Verskerping van die inflasionistiese druk is egter afgeweer deur die verskillende disinflasionistiese maatreëls wat deur die owerheid in Julie en Augustus 1966 in werking gestel is en wat ingesluit het die verslapping van invoerbeheer, 'n verhoging van die bankkoers en van die Reserwebank se stel rentekoerse vir langtermynstaatseffekte, die verlenging vir 'n verdere tydperk van ses maande van die direkte beheer oor bankdiskonteringe en -voorskotte, 'n verhoging in belastinge en verskeie ander fiskale maatreëls.

Hierdie maatreëls is in Desember gevolg deur 'n verdere reeks stappe wat daarop gemik was om die vroeëre maatreëls aan te vul en te verskerp. Die addisionele maatreëls het ingesluit 'n verdere verslapping van invoerbeheer, 'n verlaging van $7\frac{1}{2}$ persent in die „plafon” van kredietverlening deur die monetêre bankinstellings aan die private sektor en 'n meer beperkende geldmarkbeleid met die oog daarop om die bestaande bankkoers meer effektief te maak en om sowel die omvang van as die aansporing tot intermaatskappylenings te beperk.

Agterna beskou is dit duidelik dat die owerheidsmaatreëls van Julie en Augustus, en later ook dié van Desember, 'n aansienlike uitwerking gehad het en daarin geslaag het om die inflasionistiese druk in toom te hou. Hierdie maatreëls was, byvoorbeeld, grootliks vir die volgende gunstige verwikkelinge verantwoordelik:

(1) Nadat invoere gedurende die tweede kwartaal van 1966 tot 'n betreklik lae peil gedaal het, het dit gedurende die tweede helfte van 1966 en die eerste twee maande van 1967 só vinnig toegeneem dat die

surplus op lopende rekening gedurende die derde kwartaal van 1966 feitlik verdwyn het en gedurende die daaropvolgende vyf maande in 'n matige tekort omskep is. Gedurende die vierde kwartaal van 1966 het hierdie tekort daartoe bygedra om die netto invloed van buitelandse kapitaal te neutraliseer en het dit gevolglik verhoed dat die totale betalingsbalans 'n verdere ekspansionistiese invloed op die hoeveelheid geld en kwasi-geld het. Daarna, gedurende Januarie en Februarie 1967, het dit bygedra tot 'n aansienlike afname in die goud- en buitelandse valutareserwes en sodoende in werklikheid 'n inkrimpende effek op binnelandse likwiditeit gehad – 'n effek wat gedeeltelik die ekspansionistiese invloed van addisionele kredietverlening deur die bankstelsel geneutraliseer het. Die stygende invoere het ook bygedra om die beskikbaarheid van goedere en konkurrensie in die binnelandse mark te verhoog. Op hierdie wyse is 'n aansienlike hoeveelheid inflasionistiese stoom toegelaat om die volkshuishouding te verlaat.

(2) Gedurende die tweede helfte van 1966 en in Januarie 1967 het die Skatkis volkome daarin geslaag om sy totale lopende- en kapitaaluitgawes op 'n „nie-inflasionistiese” wyse te finansier, d.w.s. sonder om sy netto skuld aan die monetêre banksektor te verhoog. Hierdie gunstige resultaat is behaal hoofsaaklik as gevolg van drie faktore, naamlik: (a) Die verhoging van belasting in die Augustus-begroting, (b) die verhoging van die rentekoers op staatseffekte, en (c) die invoering van wetgewing wat van versekeringsmaatskappye, pensioenfondse en effeketrusts vereis om meer staatseffekte te hou. Inderwaarheid het die Tesourie nog by tye gedurende hierdie tydperk aansienlike bedrae aan addisionele skatkiswissels aan die banksektor uitgereik, maar dit is nie gedoen met die oog op die finansiering van staatsuitgawes nie, maar bloot as 'n tegniese geldmarkhandeling om beleggingsgeleenthede vir die banke te skep en om 'n toename in die skatkiswisselkoers teweeg te bring ná die verhoging van die bankkoers. Die fondse wat op hierdie wyse verkry is, is by die Reserwebank gesteriliseer.

(3) Hoofsaaklik vanweë die verwikkelinge in die betalingsbalans en staatsfinansies waarna vroeër verwys is, het die diskontohuise en die Nasionale Finansiële korporasie 'n aansienlike onttrekking van daggeld ondervind en was hulle genoodsaak om by tye gedurende die eerste kwartaal van 1967 op 'n taamlike

groot skaal by die Reserwebank te verdiskonteer. Terselfdertyd het die skatkiswisselkoers en ander korttermynkoerse skerp gestyg en sodoende in 'n beter verhouding tot die bankkoers gekom. Hierdie verwikkelinge het geneig om die omvang van en die aansporing tot inter-maatskappylenings te verminder en het die Reserwebank groter beheer oor die geldmark gegee.

Bloot uit hierdie drie verwikkelinge en heeltemal afgesien van enige beperkende uitwerking wat die „plafon“ op bankdiskonteringe en -voorskotte aan die private sektor mag hê, kan afgelei word dat indien die verskeie anti-inflasionistiese maatreëls nie geneem was nie, die hoeveelheid geld en kwasi-geld en totale investering- en verbruiksuitgawes veel vinniger sou gestyg het en dat die werklike en potensiële inflasie in die ekonomie byna sekerlik veel ernstiger sou gewees het.

Hoewel die inflasionistiese druk baie suksesvol in toom gehou is, en die owerhede nou beter beheer oor die monetêre- en banktoestand as op enige tydstop gedurende 1966 het, is die stryd teen inflasie nog nie heeltemal gewen nie. Die oorwinning sal slegs behaal wees wanneer die peil van, of minstens die koers van toename in, investering en verbruiksbesteding aanmerklik verlaag is. Ondanks die gunstige verwikkelinge hierbo genoem, is daar geen aanduiding dat hierdie doelstelling tot nog toe bereik is nie. Intendeel, beskikbare gegewens oor die onlangse en toekomstige bestedingsneigings dui daarop dat die gevaar van volgehoue inflasie nog steeds baie wesenlik is. Dit was teen hierdie agtergrond dat die Begroting op 22 Maart ingedien is.¹

Nasionale rekeninge²

Bruto binnelandse produk

Volgens die jongste gewysigde skatting het die bruto binnelandse produk teen heersende pryse gedurende 1966 teen rofweg dieselfde koers as gedurende die vorige jaar toegeneem, naamlik met byna 9 persent. In reële terme, d.w.s. gewaardeer teen konstante pryse, het dit ook teen ongeveer dieselfde koers as gedurende 1965 toegeneem, naamlik met ongeveer 5½ persent. Bowendien is hierdie koers min of meer dwarsdeur 1966, insluitende die vierde kwartaal, gehandhaaf.


Bruto binnelandse besteding

Bruto binnelandse besteding, d.w.s. die totaal van kapitaalbesteding, verbruiks- en lopende owerheidsbesteding, het gedurende 1966 met slegs ongeveer 5

persent toegeneem, vergeleke met byna 12 persent in 1965. Maar nadat dit gedurende die eerste helfte van die jaar teen 'n betreklik lae koers gestyg en benede die bruto nasionale produk beweeg het, hoofsaaklik as gevolg van 'n daling in sowel die vaste as die voorraadinvestering, het dit gedurende die tweede helfte van 1966 skerp gestyg en, soos gedurende die tweede helfte van 1964 en die hele jaar 1965, weer die bruto nasionale produk oorskry. Dit is weerspieël in die betalingsbalans in lopende rekening wat gedurende die eerste helfte van 1966 'n matige oorskot getoon het, maar vervolgens gedurende die derde kwartaal slegs 'n baie klein oorskot opgelewer het en gedurende die vierde kwartaal na 'n tekort omgeslaan het.

Vaste kapitaalbesteding

Die bruto binnelandse vaste investering het gedurende 1966 met slegs ongeveer 2 persent toegeneem, vergeleke met 21 persent in 1965 en 22 persent in 1964. In die private sektor het die vaste kapitaalbesteding weinig verandering vergeleke met 1965 getoon, terwyl dit in die geval van openbare korporasies met byna 5 persent gedaal en in die geval van openbare owerhede met ongeveer 9 persent gestyg het.



¹ Hierdie oorsig is gedruk voordat die inhoud van die jongste Begroting bekend was.

² Die ontleding in hierdie deel van die Oorsig is hoofsaaklik gebaseer op die Reserwebank se kwartaallike ramings van die nasionale rekeninge, *na uitskakeling van die seisoensinvloed*. Aangesien hierdie syfers nog nie as betroubaar genoeg vir publikasie beskou word nie, word die ontleding van die kwartaallike verwikkelinge tot die beskrywing van breë tendense beperk.

Hierdie jaarsyfers verbloem egter die feit dat in sowel die openbare as die private sektor die vaste investering gedurende die eerste helfte van die jaar afwaarts beweeg het en daarna, nadat die volkshuishouding 'n nuwe sikliese oplewing ingegaan het, sy opwaartse beweging hervat het. In die openbare sektor was daar 'n opmerklieke toename gedurende die derde kwartaal, wat deur 'n effense afname gedurende die vierde kwartaal gevolg is, terwyl die private vaste kapitaalbesteding in sowel die derde as die vierde kwartaal toegeneem het, alhoewel dit nie die hoogtepunt wat gedurende die vierde kwartaal van 1965 behaal is, bereik het nie. Terwyl die jaarsyfers dus neig om 'n gerusstellende beeld te gee van vaste investering wat meer gelyk loop (alhoewel op 'n baie hoë peil), toon die kwartaalsyfers die potensiële gevaar van 'n nuwe inflasionistiese opswaai in kapitaalbesteding.

Voorraadinvestering

Nadat dit in 1965 op die buitengewoon hoë syfer van R375 miljoen te staan gekom het, het die voorraadinvestering in 1966 tot ongeveer R190 miljoen gedaal, waarvan omtrent R89 miljoen deur die private fabriekswese bygedra is. Soos in die geval van vaste investering is die jaarsyfers egter misleidend, aangesien dit betekenisvolle skommelings oor die loop van hierdie twee jare verberg. Gedurende die eerste drie kwartale van 1965 is voorrade byvoorbeeld tot 'n buitensporig hoë peil opgebou. Daarna het die voorraadinvestering egter, hoofsaaklik as gesamentlike gevolg van die strenger toepassing van invoerbeheer en die tydelike neiging tot 'n meer gelyke verloop in die volkshuishouding, skerp gedaal en gedurende die eerste kwartaal van 1966 het dit selfs negatief geword, d.w.s. totale voorrade is in werklikheid verminder. Dit is gevolg deur 'n hernieude opbouing van voorrade, veral nadat die nuwe ekonomiese oplewing meer stukrag gekry het en invoerbeheer in Julie verslap is. Dit was hierdie laasgenoemde toename in voorrade wat, tesame met die opswaai in die vaste kapitaalbesteding, hoofsaaklik verantwoordelik was vir die versnelde koers van toename wat gedurende die tweede helfte van 1966 deur die bruto binnelandse besteding aan die dag gelê is en vir die herverskyning van 'n tekort op die betalingsbalans in lopende rekening gedurende die vierde kwartaal.


Agteraf beskou, staan hierdie skerp skommelings in voorraadinvestering oor die afgelope twee jaar, wat gedeeltelik deur veranderings in die invoerbeheerbeleid veroorsaak is, uit as een van die hoofkenmerke van die ekonomiese toestand gedurende hierdie tydperk. Dit het 'n belangrike invloed uitgeoefen nie net op die verloop van die konjunkturgolf in die algemeen en van die betalingsbalans nie, maar ook op die hele monetêre en banktoestand en was verantwoordelik vir 'n groot deel van die onstabiliteit in die volkshuishouding gedurende hierdie tydperk.

Private verbruik

Private verbruik het gedurende die vierde kwartaal voortgegaan om bestendig te styg. Oor 1966 in sy geheel het dit met ongeveer $8\frac{1}{2}$ persent, of teen ongeveer dieselfde koers as gedurende 1965, toegeneem. Reële private verbruik het gedurende 1966 met byna $5\frac{1}{2}$ persent toegeneem vergeleke met effens minder as 5 persent gedurende 1965. Gegewe 'n bevolkingsaanwas van ongeveer 2.4 persent per jaar dui dit op 'n toename in die reële private verbruik *per capita* van ongeveer $2\frac{1}{2}$ persent in 1965 en rofweg 3 persent in 1966.

Lopende besteding deur openbare owerhede

Bo en behalwe die aansienlike verdere styging in private verbruik het die lopende besteding van openbare owerhede in 1966 met byna 11 persent toegeneem, vergeleke met byna 12 persent in 1965 en 13 persent in 1964. Die toename in loon-, salaris- en bonusbetalings in die staatsdiens gedurende 1966 het in belangrike mate tot hierdie aansienlike verdere styging bygedra.



Uitvoer

Nadat dit vanaf Mei skerp gestyg het en grootliks bygedra het tot die nuwe sikliese oplewing in die algemene ekonomiese bedrywigheid, het die totale uitvoer van goedere en dienste, insluitende die netto goudproduksie, gedurende die vierde kwartaal effens afgeneem maar op 'n relatief hoë peil gebly. Gedurende 1966 in sy geheel het dit met ongeveer R134 miljoen of byna 7 persent toegeneem, vergeleke met 2 persent in 1965.

Invoer

Soos later in meer besonderhede uiteengesit sal word, het die invoer van goedere en dienste, wat in 1963 met 24 persent, in 1964 met 22 persent en in 1965 met 13 persent toegeneem het, in 1966 met byna 7 persent gedaal. Vanaf Mei het die invoer egter baie skerp toegeneem en gedurende die vierde kwartaal 'n syfer bereik wat byna net so hoog was as die rekordsyfer wat gedurende die derde kwartaal van 1965 bereik is.

Besparing

Die bruto binnelandse besparing het in 1966 met byna 8 persent toegeneem, vergeleke met byna 17 persent in 1965 en 9 persent in 1964. Voorlopige ramings dui daarop dat persoonlike en korporatiewe besparing en voorsiening vir waardevermindering toenames getoon het, terwyl die lopende surplus van die algemene owerheid afgeneem het.


Algemene indruk

Dit wil voorkom asof die verskillende produksie- en bestedingsneigings wat hierbo geskets is in ooreenstemming is met die indruk wat reeds vroeër verkry is, naamlik dat die Suid-Afrikaanse volkshuishouding ná 'n duidelike neiging om meer gelyk te verloop wat hom vanaf ongeveer die middel van 1965 tot ongeveer die einde van die eerste kwartaal van 1966 voorgedoen het, 'n nuwe sikliese oplewing ingegaan het wat dwarsdeur die res van 1966 voortgeduur het en 'n voortsetting van die inflasionistiese druk op die land se geskoolde arbeid en ander skaars hulpbronne tot gevolg gehad het.

Produksie en werkverskaffing¹

Ná 'n neiging tot meer gelyke verloop gedurende die tweede helfte van 1965, het die seisoensaangesuiwerde indeks van die volume van fabrieksproduksie gedurende die eerste agt maande van 1966 taamlik skerp opwaarts beweeg voordat dit in September en Oktober effens gedaal het. Gedurende die periode Januarie tot Oktober 1966 was die maandelikse gemiddelde van hierdie indeks 6·2 persent hoër as gedurende die ooreenstemmende tydperk van 1965, vergeleke met 'n toename van 6·3 persent tussen 1964 en 1965. Die

¹ Behalwe waar andersins vermeld, is die basistydperk vir alle indekse wat in hierdie oorsig gebruik word, 1958.



belangrikste groepe wat tot die toename in 1966 bygedra het, was voedsel, vervoeruitrusting, masjinerie, tekstiel, klerasie en skoelisel.


Werkverskaffing in die fabriekswese het ook beduidend toegeneem en alhoewel dit oor die loop van die eerste agt maande van 1966 geen duidelike neigings geopenbaar het nie, was dit gemiddeld 4·9 persent hoër as gedurende die ooreenstemmende tydperk van 1965.

Die indeks van die volume van mynbouproduksie het eweneens gedurende die loop van 1966 aansienlik toegeneem en was vir die jaar as geheel 6·0 persent hoër as gedurende 1965. Hierdie toename, wat 'n betekenisvolle verbetering verteenwoordig teenoor die styging van 3·4 persent wat tussen 1964 en 1965 aangeteken is, moet grotendeels toegeskryf word aan 'n toename van 22·7 persent in mynbouproduksie *uitgesonderd goud*; die indeks vir goudproduksie self het met slegs 1·0 persent toegeneem. Meer in die besonder het die produksie van koper in vergelyking met die vorige jaar 'n skerp styging getoon.

Die seisoensaangesuiwerde indeks vir geregistreerde werklose Blankes, Kleurlinge en Asiate het dwarsdeur 1966 betreklik laag gebly en het in Desember 1966 op 71·8 gestaan, vergeleke met 69·9 in Desember 1965. In Januarie 1967 het die indeks effens afgeneem tot 70·8.

Algemene ekonomiese aanwysers

Die jongste beskikbare statistiek met betrekking tot algemene ekonomiese aanwysers soos bouplanne goedgekeur, transaksies in vaste eiendom, aantal nuwe handelsvoertuie verkoop, aantal nuwe motors verkoop, spoorweginkomste, bankdebiteringe, kleinhandelsverkope en pryse van nywerheids- en handelsaandele, bevestig almal dat die nuwe sikliese oplewing wat



gedurende die tweede kwartaal van 1966¹ begin het en gedurende die derde kwartaal verdere stukrag gekry het, dwarsdeur die vierde kwartaal van die jaar voortgeduur het. Teen die einde van 1966 het bouplanne goedgekeur, transaksies in vaste eiendom en aandelepryse nog nie weer heeltemal gestyg tot by die vorige hoogtepunt wat teen die einde van 1964 of vroeg in 1965 behaal is nie, maar die meeste van die ander aanwysers het toe reeds nuwe rekordhoogtes bereik. Die indeks vir bankdebiteringe het byvoorbeeld, nadat dit gedurende die tweede helfte van 1965 taamlik skerp gedaal het, gedurende 1966 so sterk gestyg dat dit sy vorige hoogtepunt voor die middel van die jaar verbygesteek het en het verder toegeneem tot 260·6 in November voordat dit tot 244·2 in Desember 1965, gedaal het.

Die aantal nuwe motors verkoop, daarenteen, het, nadat dit in Augustus 1966 gestyg het tot ongeveer dieselfde peil as die vorige hoogtepunt wat in September 1964 bereik is, geneig om meer gelyk te verloop teen 'n effens laer syfer gedurende die daaropvolgende vyf maande. Die aantal nuwe handelsvoertuie verkoop het breedgesproke 'n soortgelyke bedrag getoon sonder om egter die abnormaal hoë syfer wat in Augustus 1964 bereik is, te behaal.

Pryse

Ná 'n toename van 1·5 punte in September 1966, wat gedeeltelik die gevolg was van die uitwerking van die verhogings in spoorwegtariewe en indirekte belasting in Augustus, het die seisoensaangesuiwerde indeks van verbruikerspryse gedurende die vierde kwartaal van 1966 geneig om meer gelyk te verloop. Die Desembersyfer van 120·1 was nietemin 3·7 persent hoër as dié van Desember 1965. Soos die bygaande tabel toon, was hierdie toename nie slegs die gevolg van 'n styging van 4·2 persent in voedselpryse nie, maar ook van 'n styging van 3·5 persent in ander pryse. In Januarie 1967 het die indeks verder gestyg tot 120·9.

Verbruikerspryse – seisoensinvloed uitgeskakel
Persentasiekoers van toename

Tydperk	Voedsel	Ander	Totaal
Des. 1963 – Des. 1964	9·3	2·0	4·0
Des. 1964 – Des. 1965	2·0	3·7	3·2
Des. 1965 – Des. 1966	4·2	3·5	3·7

¹ Dit is selde maklik om die draaipunte van die konjunkturgolf noukeurig vas te stel, en in hierdie geval was dit besonder moeilik aangesien sekere ekonomiese aanwysers reeds voor die einde van 1965 met hulle nuwe opwaartse beweging begin het terwyl die afwaartse beweging van die strategies belangrike vaste investering eers ná die middel van 1966 omgekeer is. By die bepaling van die einde van die eerste kwartaal as by benadering die onderste draaipunt van die mees onlangse golfbeweging, is die feit dat basiese aanwysers soos die uitvoer, die invoer en voorraadinvestering gedurende die tweede kwartaal met hul nuwe opwaartse beweging begin het, in die besonder in aanmerking geneem.

Dieseisoensaangesuiwerde indeks van groothandelspryse het eweneens geneig om gedurende die vierde kwartaal van 1966 meer gelyk te verloop, maar het in Desember op 'n syfer van 116.7 gestaan wat 4.4 persent hoër was as dié van 'n jaar vroeër. Tussen hierdie twee datums het die prysindeks van goedere wat in Suid-Afrika geproduseer is met 4.9 persent toeneem, terwyl dié van ingevoerde goedere met 3.1 persent gestyg het. In Januarie 1967 het die totale indeks tot 117.2 gestyg.

Groothandelspryse – seisoensinvloed uitgeskakel

Persentasiekoers van toename

Tydperk	Goedere geproduseer in Suid-Afrika		Totaal	Ingevoerde goedere	Totaal
	Landbou, bosbou en visserij	Fabriekswese			
Des. 1963 – Des. 1964	11.7	2.8	4.1	2.6	3.7
Des. 1964 – Des. 1965	2.8	2.6	2.8	1.4	2.4
Des. 1965 – Des. 1966	7.1	4.2	4.9	3.1	4.4

Al die bogenoemde syfers verteenwoordig persentasie-toenames tussen die Desembersyfer van een jaar en dié van die volgende jaar. Om 'n meer omvattende beeld van die omvang van die inflasie te verkry, is dit ook nuttig om die maandelikse gemiddelde peil van pryse gedurende elke jaar onder bespreking met dié van die vorige jaar te vergelyk. Indien dit vir verbruikerspryse gedurende die tydperk 1959 tot 1966 gedoen word, word die volgende resultate verkry, wat duidelik die mate waarin die koers van inflasie in Suid-Afrika gedurende die laaste drie en in die besonder die laaste twee jare van hierdie tydperk, versnel het, aan die lig bring.

Verbruikerspryse

Persentasie jaarlikse toename in maandelikse gemiddelde

Tydperk	Voedsel	Ander	Totaal
1959 – 1960	1.6	1.2	1.4
1960 – 1961	2.2	1.8	1.9
1961 – 1962	-0.6	2.4	1.4
1962 – 1963	1.2	1.2	1.3
1963 – 1964	4.6	1.8	2.4
1964 – 1965	5.8	2.8	3.6
1965 – 1966	3.7	3.5	3.6

Betalingsbalans


Tekort op lopende rekening

Soos verwag is in die lig van die nuwe opwaartse beweging in die bruto binnelandse besteding en die verslapping van invoerbeheer in Julie en Desember

1966, het die lopende rekening van die betalingsbalans, wat gedurende die eerste drie kwartale van 1966 tydelik 'n matige oorskot getoon het, gedurende die vierde kwartaal van die jaar weer na 'n tekort omgeslaan. Vergeleke met 'n oorskot van R8 miljoen gedurende die derde kwartaal, het die tekort op die lopende rekening gedurende die vierde kwartaal R21 miljoen bedra, wat gelykstaan aan 'n seisoensaangesuiwerde jaarlikse koers van R172 miljoen.

Nuwe sterk styging in invoer

Die herverskyning van 'n lopende tekort, wat onder die heersende omstandighede van inflasie en voortgesette private kapitaalinvloeiing deur die owerhede verwelkom is, was hoofsaaklik die gevolg van die verloop van die invoer. Nadat dit vanaf R1,924 miljoen gedurende die derde kwartaal van 1965 afgeneem het tot R1,512 miljoen gedurende die tweede kwartaal van 1966, het die invoer, ná uitskakeling van die seisoensinvloed en gereken teen 'n jaarkoers, tot R1,856 miljoen in die vierde kwartaal van 1966 toegeneem, hoofsaaklik as gevolg van 'n toename in die invoer van kapitaal-goedere en grondstowwe. Hierdie skerp skommeling was gedeeltelik 'n weerspieëling van die onderliggende sikliese veranderings in die ekonomie, naamlik die algemene neiging tot 'n meer gelyke verloop ná die



middel van 1965, wat deur 'n nuwe oplewing vanaf die tweede kwartaal van 1966 gevolg is. Dit was egter ook gedeeltelik die regstreekse gevolg van veranderinge in die invoerbeheerbeleid, d.w.s. eerstens die verskerping van invoerbeheer in Augustus 1965 ten einde die daling in die goud- en buitelandse valutareserwes te stuit en daarna die verslappings van Julie en Desember 1966, wat 'n integrale deel van die amptelike disinflasionistiese beleid uitgemaak het.

Uitvoer en netto goudproduksie

Die uitwerking van die vinnig stygende invoer op die lopende rekening van die betalingsbalans en op die algemene monetêre en finansiële toestand sou groter gewees het indien die goedere-uitvoer nie ook gedurende hierdie periode aansienlik gestyg het nie. Ná aansuiwering vir die seisoensinvloed en gereken teen 'n jaarkoers, het die uitvoer toegeneem vanaf R1,028 miljoen in die eerste kwartaal van 1965 tot R1,356 miljoen gedurende die derde kwartaal van 1966, voordat dit effens afgeneem het tot R1,280 miljoen gedurende die vierde kwartaal. Hierdie toename het vernameklik voorgekom in die statistiese klas „vervaardigde goedere hoofsaaklik volgens stof geklassifiseer“ maar het grotendeels uit toenames in die uitvoer van koper, diamante en gietyster, wat in wese primêre produkte is, bestaan.


Die netto goudproduksie, soos dit vir betalingsbalansdoeleindes gedefinieer word, d.w.s. goud wat deur die myne aan die Reserwebank verkoop is, het na die eerste kwartaal van 1966 effens afgeneem en het vir die jaar 1966 in sy geheel slegs R768 miljoen bedra, vergeleke met R775 miljoen gedurende 1965.



Verdere netto invloeiing van kapitaal

Soos gedurende die voorafgaande ses kwartale was daar gedurende die vierde kwartaal van 1966 weer 'n aansienlike netto invloeiing van private kapitaal, naamlik ten bedrae van R24 miljoen, wat die totaal vir die jaar op R124 miljoen te staan gebring het, vergeleke met R141 miljoen in 1965. Sowat R78 miljoen of 63 persent van hierdie R124 miljoen het uit langtermynkapitaal bestaan en die oorblywende R46 miljoen of 37 persent was korttermynkapitaal (met inbegrip van foute en onaangetekende transaksies).


Sentrale regerings- en bankkapitaal het daarenteen gedurende die vierde kwartaal 'n verdere netto uitvloeiing van R2 miljoen getoon, wat die totale netto uitvloeiing van hierdie soort kapitaal vir die jaar op R11 miljoen te staan gebring het. Dit het grotendeels bestaan uit netto terugbetalings op buitelandse lenings deur die Regering en die Reserwebank, wat op grond van die oorskot op die betalingsbalans in sy geheel gedurende 1966 en in die lig van die heersende toestand in die algemeen, raadsaam geag is.



Goud- en buitelandse valuta-reserwes

Die netto resultaat van (1) die lopende tekort van R21 miljoen, (2) 'n netto invloeiing van private kapitaal van R24 miljoen en (3) 'n netto uitvloeiing van sentrale regerings- en bankkapitaal van R2 miljoen gedurende die vierde kwartaal, was dat die totale goud- en buitelandse valuta-reserwes gehou deur die Reserwebank, die res van die banksektor en die Regering oor hierdie tydperk van drie maande met R1 miljoen tot R589 miljoen gestyg het. Die gedeelte wat deur die Reserwebank self gehou is, het gedaal vanaf R543 miljoen aan die einde van September tot R521 miljoen aan die einde van Desember, maar hierdie afname is geneutraliseer deur 'n toename van R23 miljoen in die reserwes wat deur die res van die banksektor en die Regering gehou word.

Gedurende die jaar 1966 is sy geheel het die totale reserwes met R136 miljoen toegeneem. Die hoogtepunt is egter in Julie aangeteken toe die totale reserwes R604 miljoen beloop het, nadat dit met nie minder nie as R264 miljoen in tien maande toegeneem het. Daarna het 'n matige afwaartse neiging duidelik geword alhoewel, soos hierbo genoem is, die totale reserwes gedurende die vierde kwartaal met R1 miljoen toegeneem het. Gedurende Januarie 1967 het die totale reserwes egter skerp afgeneem, waarskynlik met meer as R30 miljoen. Dit was hoofsaaklik toe te skryf aan 'n aansienlike verdere toename in die invoer tot 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van omtrent R2,300 miljoen, wat 'n nuwe maandelikse rekord verteenwoordig het. Dit word geskat dat die totale reserwes gedurende Februarie 1967 met 'n verdere R30 miljoen tot 'n peil van ongeveer R529 miljoen aan die einde van die maand gedaal het.



Monetêre en banktoestand

Geld en kwasi-geld

Gedurende die vierde kwartaal van 1966 het die hoeveelheid geld en kwasi-geld 'n verdere toename van R48 miljoen getoon, naamlik van R2,596 miljoen aan die einde van September tot R2,644 miljoen aan die einde van Desember. Ondanks die aansienlike verdere styging in die bruto volksproduk gedurende hierdie kwartaal het die verhouding van geld en kwasi-geld tot die bruto volksproduk, wat gedurende die vier voorgaande kwartale op die buitengewoon hoë syfer van 30 persent of meer bly staan het, gevolglik slegs effens afgeneem tot net minder as 30 persent. Dit het die ekonomie nog steeds in 'n oormatige likwiede toestand gelaat:

Soos die bygaande tabel toon, het die toename in totale geld en kwasi-geld gedurende die vierde kwartaal voorgekom ten spyte van 'n daling van R9 miljoen in die *netto* goud- en buitelandse valuta-reserwes (dit wil sê ná aftrekking van korttermyn buitelandse laste) en 'n verdere toename van R32 miljoen in langtermyn-deposito's by monetêre banke, wat nie as kwasi-geld beskou word nie. Hierdie verandering is meer as geneutraliseer deur die uitbreidende uitwerking op geld en kwasi-geld van 'n styging van R81 miljoen in die eise van die banksektor teen die private sektor en 'n toename van R40 miljoen in die *netto* eise van die banksektor teen die regeringsektor, dit wil sê nadat veranderinge in regeringsdeposito's by die banksektor in aanmerking geneem is.

Oorsake van veranderinge in geld en kwasi-geld

(Veranderinge in die gekonsolideerde bates en laste van die monetêre banksektor)

R miljoene

	1966				
	1e kw.	2e kw.	3e kw.	4e kw.	Totaal
Veranderinge in geld en kwasi-geld:					
Geld	-39	126	6	42	136
Kwasi-geld	-78	24	67	6	19
Totaal geld en kwasi-geld	-117	150	73	48	155
Oorsake van veranderinge:					
Netto goud- en buitelandse valuta-reserwes	16	87	16	-9	109
Eise teen regeringsektor	32	115	83	30	260
Regeringsdeposito's*	-74	-24	-100	10	-188
Netto eise teen regeringsektor	-42	91	-16	40	72
Eise teen private sektor	-79	38	69	81	109
Langtermyn-deposito's*	-16	-102	-23	-32	-173
Ander bates en laste	4	37	28	-32	38
Totaal	-117	150	73	48	155

*Toename -, afname +.

Dit is betekenisvol dat die eise van die banksektor teen die private sektor, nadat dit gedurende die vierde kwartaal van 1965 en die eerste kwartaal van 1966 aansienlik gedaal het, gedurende die daaropvolgende

drie kwartale weer sterk gestyg het. Dit moet gedeeltelik aan 'n styging in die kontantkredietvoorskotte van die Landbank toegeskryf word. Selfs indien hierdie voorskotte uitgesluit word, het die eise van die banksektor teen die private sektor oor die jare 1965 en 1966 egter nog soos volg verander:



R miljoene

1965: 2e kwartaal	+	45
3e kwartaal	-	35
4e kwartaal	-	49
1966: 1e kwartaal	-	56
2e kwartaal	+	2
3e kwartaal	+	30
4e kwartaal	+	97

Die volgende is blykbaar wat gebeur het: Tussen omstreeks die derde kwartaal van 1965 en die middel van 1966 het die hoeveelheid geld en kwasi-geld in die hande van die private sektor vinnig toegeneem, hoofsaaklik as gevolg van die gunstige totale betalingsbalans en die feit dat die regering vir die finansiering van 'n nie onbelangrike deel van sy totale uitgawes sy toevlug tot verdere bankkrediet moes neem. Onder hierdie omstandighede het private sake-ondernemings en individue in so 'n mate likwied geword, en het die geleenthede vir lenings tussen sake-ondernemings so groot geword, dat die vraag na bankkrediet verminder het, te meer omdat dit ook die tydperk was waarin die ekonomiese bedrywigheid tydelik geneig het om meer gelyk te verloop.

Vanaf omstreeks die middel van 1966 het die toestand egter in drie opsigte begin verander. Eerstens het die reserwes, gedeeltelik as gevolg van die verslapping van invoerbeheer, geneig om meer gelyk te verloop. Tweedens, het die monetêre en fiskale beleidsmaatreëls wat in Julie en Augustus aanvaar is, daarin geslaag om die regeringsektor se afhanklikheid van bankkrediet te verminder. Laastens het die nuwe ekonomiese oplewing begin vaart kry. Onder hierdie omstandighede het die private sektor weer eens meer van bankkrediet gebruik gemaak.

„Beheerde“ bankkrediet

As gevolg van hierdie verwikkelinge het die „beheerde krediet“ van die verskillende kategorieë banke ingesluit by die monetêre banksektor, wat aan die einde van Junie 1966 in totaal ongeveer R201 miljoen of 11 persent onder die toelaatbare peil, d.w.s. die syfer vir Maart 1965 plus $2\frac{1}{2}$ persent vir landboudoeleindes, gestaan het, teen die einde van Desember 1966 tot slegs R105 miljoen (of 6 persent) onder hierdie peil toegeneem.

Intussen het die Reserwebank egter op 7 Desember 'n nuwe kredietvoorskrif aan die monetêre banke uitgereik waarvolgens van hulle verwag is om te verseker dat hulle diskonteringe, lenings en voorskotte aan die

private sektor, met uitsondering van die Landbank, aan die einde van September 1967 minstens $7\frac{1}{2}$ persent laer sou wees as aan die einde van Maart 1965, met dié voorbehoud dat hierdie grens met $2\frac{1}{2}$ persent verhoog sou kon word ten opsigte van krediet wat deur hulle vir landboudoeleindes verleen is.

Dit het beteken dat die handelsbanke, aksepbanke en monetêre huurkoop- en algemene banke aan die einde van Desember 1966 die nuwe „plafon” wat vir September 1967 gestel is, gesamentlik met ongeveer R22 miljoen oorskry het, hoewel in aanmerking geneem moet word dat die kredietvoorskrif van die Reserwebank aan die banke voorsiening maak vir sekere uitsonderings soos bv. krediet vir die finansiering van spesiale invoergoedere wat in die nasionale belang geag word.

Teen die einde van 1966 het die banktoestand derhalwe betekenisvol verander. Gedurende die grootste deel van 1966 het die amptelike beperkings op bankkrediet aan die private sektor betreklik min uitwerking gehad in dié sin dat die hoë likwiditeit van die private sektor toegelaat het dat die uitgawes van sakeondernemings en individue deur hulle vermeerder kon word, en verskillende vorms van verbruikerskrediet verleen kon word, sonder dat netto ekstra lenings van die bankstelsel nodig geword het. In werklikheid het bankkrediet aan die private sektor, soos voorheen reeds aangedui is, gedurende die eerste helfte van die jaar selfs afgeneem. Teen die einde van 1966 het die verskillende faktore waarna hierbo verwys is, waaronder ook die beleidsveranderinge, egter daartoe saamgewerk om die monetêre owerheid ’n groter mate van beheer oor die monetêre en banktoestand te gee as waaroor hulle vroeër in die jaar beskik het.

Staatsfinansies

Hierbo is daarna verwys dat die netto eise van die banksektor teen die regeringsektor wat gedurende die derde kwartaal van 1966 ’n welkome afname van R16 miljoen getoon het, gedurende die vierde kwartaal weer met R40 miljoen gestyg het. Dit was die gesamentlike gevolg van ’n styging van R30 miljoen in die banksektor se besit aan skatkiswissels, staatseffekte en ander eise teen die regeringsektor en ’n afname van R10 miljoen in regeringsdeposito's by die banksektor gedurende die vierde kwartaal.

Dit moet egter in gedagte gehou word dat die „regeringsektor” in die monetêre ontleding wat hierbo gebruik is, nie slegs die Suid-Afrikaanse sentrale regering nie, maar ook provinsiale administrasies, die Administrasie van Suidwes-Afrika, die regering van die Transkei en die regerings van Lesotho, Botswana en Swaziland insluit. Om ’n indruk van die ekonomiese uitwerking van die finansies van die sentrale regering as sodanig te kry, is dit nodig om die skatkisrekening afsonderlik te ontlee. As dit gedoen word op die wyse

wat in die bygaande tabel uiteengesit word, blyk dit dat die Skatkis se netto skuldposisie teenoor die banksektor, ná ’n afname van R3 miljoen gedurende die derde kwartaal van 1966, in die vierde kwartaal verder gedaal het met R18 miljoen. Dit moet gedeeltelik aan ’n afname van R5 miljoen in die banksektor se besit aan skatkiswissels en staatseffekte en gedeeltelik aan ’n styging van R13 miljoen in die skatkissaldo toegeskryf word.

Die tabel toon ook dat die Regering gedurende die vierde kwartaal daarin geslaag het om R53 miljoen van die private nie-banksektor en ’n netto bedrag van R29 miljoen van die Staatskuldkommissarisse te leen, d.w.s. ná aftrekking van netto verkope van staatspapier deur die Kommissarisse aan monetêre banke en ander instansies. Tegelykertyd is die Skatkis se netto skuldposisie teenoor die buitelandse sektor met R19 miljoen verminder.

Skatkisfinansies

R miljoene

	1966		
	2e kw.	3e kw.	4e kw.
Totale tekort uitgesonderd lenings	107	53	45
Finansiering			
Veranderings in netto skuldposisie teenoor:			
Buitelandse sektor	3	4	-19
Private nie-banksektor	28	30	53
Staatskuldkommissarisse	20	22	29
Betaalmeester-generaal en bestaansbeveiligingsfondse	-1	—	—
Subtotaal	50	56	63
Monetêre banksektor:			
Verandering in staatspapier	129	64	-5
Verandering in skatkissaldo*	-72	-67	-13
Subtotaal	57	-3	-18
Totale finansiering	107	53	45

*Toename —, afname +

Soos gedurende die derde kwartaal was die Regering, met ander woorde, volkome suksesvol in die uitvoering van sy beleid om sy totale lopende en kapitaaluitgawes op ’n „nie-inflasionistiese” wyse te finansier, d.w.s. sonder die gebruikmaking van bykomstige bankkrediet. Twee faktore wat blykbaar tot hierdie gunstige resultaat bygedra het, was die verhoging in die rentekoers op langtermynstaatseffekte en die indiening van wetgewing waarvolgens van versekeraars, pensioenfondse en eenheidstruists vereis word om meer staatseffekte te hou.

Kapitaalmark

Nieteenstaande die toenemende bankkrediet en die abnormaal groot hoeveelheid geld en kwasi-geld in die hande van die private sektor, wat uiteraard die behoefte van baie sake-ondernemings om in die kapitaalmark te leen verminder het, was die vraag na langtermyn-kapitaalfondse gedurende die vierde kwartaal van 1966 weer baie sterk in vergelyking met die aanbod, sodat die kapitaalmarktoestand stram en rentekoerse betreklik hoog gebly het.

Die pryse van nywerheids- en handelsaandele, wat gedurende Junie en Julie 1966 skerp gedaal het, het daarna weer toegeneem en in November 'n peil bereik wat hoër was as die hoogtepunt wat in Mei 1966 bereik is, alhoewel dit nog steeds heelwat onder die hoogtepunt van April 1965 gelê het. Die pryse van die meeste ander klasse aandele het egter gedurende die laaste kwartaal van 1966 ietwat gedaal.




Bouverenigings – veranderings in uitgesoekte poste
R miljoene

Tydperk	Spaar-deposito's	Vaste deposito's	Aandele-kapitaal	Totale middele	Verband- en ander lenings uitstaande	Voorskotte toegestaan maar nog nie uitbetaal nie	Voorgeskrewe beleggings
1966:							
1ste kw.	11.4	2.0	11.1	24.5	12.2	-4.7	-1.0
2de kw.	1.2	8.0	6.8	16.0	16.8	10.3	12.5
3de kw.	17.2	14.8	-0.1	31.9	13.9	11.6	5.3
4de kw.	10.0	24.1	-10.0	24.1	20.2	13.5	19.4
Jaar 1966	39.8	48.9	7.8	96.5	63.1	30.7	36.2
Jaar 1965	12.7	-1.4	73.0	84.4	139.9	-95.9	-63.3

Bouverenigings

Nieteenstaande die normale ongunstige seisoens-invloede het die totale middele van bouverenigings gedurende die vierde kwartaal met R24 miljoen toegeneem, waarby 'n afname van R10 miljoen in hulle aandeelkapitaal meer as geneutraliseer is deur toenames van R10 miljoen en R24 miljoen in hulle spaar- en vaste deposito's onderskeidelik.

Die verenigings se uitstaande verband- en ander lenings het verreweg hulle grootste kwartaallikse toename vir 1966 getoon, naamlik R20 miljoen, terwyl „voorskotte toegestaan maar nog nie uitbetaal nie“ ook verder toegeneem het. Ten spyte hiervan was die verenigings in staat om gedurende hierdie tydperk 'n verdere R19 miljoen aan hulle likwiede bates en ander voorgeskrewe beleggings toe te voeg, wat die oorskotbesit aan hierdie bates, d.w.s. bo en behalwe die statutêre minimum, tot nie minder nie as R154 miljoen verhoog het. Teen die einde van 1966 was hulle posisie dus aansienlik ruimer as 'n jaar tevore.



Opmerkings oor tabelle

Tabelle S—12 en 13 en S—14 en 15: Laste en bates van handelsbanke

Hierdie uitgawe van die *Kwartaalblad* sluit weer eens gegewens in ten opsigte van sekere kolomme in bostaande tabelle vir jaareindes voor 1965. Waar moontlik, is hierdie gegewens dieselfde as wat onder die betrokke hoofde in uitgawes van hierdie blad voor Maart 1966 gepubliseer is. Oor die algemeen is die reekse slegs in dié gevalle terugverwerk waar inligting of beskikbaar of geredelik berekenbaar was vanaf inligting verstrekkend in die opgawes van banke voor die toepassing van die nuwe Bankwet (Wet No. 23 van 1965) en wat met die kolomhoofde nou in gebruik, versoek kan word. As sulks kan hierdie inligting daartoe bydra om perspektief aan meer onlangse syfers te verleen.

Daar moet op gelet word dat „oorvleulende” syfers vir Maart 1965 getoon word. Hierdie twee reekse gegewens ontbloot sekere onvergelykbaarhede in die gegewens soos getoon vir datums vóór en ná die toepassing van die 1965 bankwetgewing en amptelike Regulasies betreffende die indiening van statistiese opgawes aan die Registrateur van Banke (Buitengewone Staatskoerant No. 1158 van 25 Junie 1965). Die vernameeste onvergelykbaarhede tussen die „ou” en die „nuwe” statistiek voortvloeiend uit die verandering in die amptelike Regulasies waarkragtens statistiek deur die banke verstrekkend moet word, kan soos volg uiteengesit word:

1. *Dekking van laste en bates.* „Ou” gegewens verwys na die banke se laste en bates „in die Unie” of „in die Republiek” en beteken laste betaalbaar en bates werklik gehou en beskikbaar in die Republiek. „Nuwe” gegewens omvat alle laste en bates wat betrekking het op die bedrywighede van ’n instelling wat ’n inwoner van Suid-Afrika is, en sluit buitelandse laste en buitelandse bates onderskeidelik van ’n instelling in.

2. *Die behandeling van kreditte en remises in transito.* Kreditte en remises in transito, soos in die nuwe Regulasies omskryf, is nie as aparte pos in die ou statistiese opgawes verstrekkend nie, maar is grotendeels op ’n netto basis teenoor ’n pos genoem „Saldo’s verskuldig aan (of deur) hoofkantoor en takke” getoon en het, indien dit ’n lastepos was, nie as ’n verpligting teenoor die publiek gegeld nie.

Hierteenoor word vyftig persent van kreditte in transito en die volle bedrag van remises in transito nou kragtens die nuwe Regulasies as afsonderlike items op ’n *bruto* basis aangegee, met eersgenoemde as ’n verpligting teenoor die publiek. Die oorblywende vyftig persent van kreditte in transito word nou aangegee onder ’n pos genoem „Saldo verskuldig aan Suid-Afrikaanse hoofkantoor en binnelandse tak(ke)”, en is ingesluit in bostaande tabel onder „Ander laste” (d.w.s. ander verpligtings *nie* teenoor die publiek *nie*).

Hierdie veranderings in die rapporteringsprosedure het ook ’n vermeerdering van die volgende poste tot gevolg gehad: „Ander verpligtings teenoor die publiek”, „Ander verpligtings” en „Totale laste”.

3. *Nuwe definisies van items.* Afgesien van die gegewens wat alleen onder die nuwe Regulasies beskikbaar is, soos kreditte en remises in transito en die verdeling van vaste en kennisgewingdeposito’s in korttermyn, middeltermyn en langtermyn, is die definisie en dekking van sekere poste, soos onmiddellik opvraagbare en buitelandse deposito’s, effens gewysig.

Skattings van terugsyfers is in die volgende gevalle gemaak: (1) buitelandse spaar- en termyndeposito’s is verdeel in buitelandse spaardeposito’s aan die een kant en buitelandse termyndeposito’s aan die ander kant; (2) die verdeling tussen korttermyn- en „ander” (d.w.s. langtermyn-) staatseffekte teen boekwaardes verteenwoordig ’n proporsionele toedeling na kort- en langtermyn-effekte van die verskil tussen die totale boek- en nominale waardes van alle staatseffekte deur die banke gehou.

Tabel S—16 en S—17: Laste en bates van aksephanke

Behalwe onbeduidende onvergelykbaarhede as gevolg van ’n geringe wysiging in die definisie van individuele poste, soos deposito’s en aksepfasiliteite benut, kan die statistiek van aksephanke vóór en ná Maart 1965 vir alle praktiese doeleindes as vergelykbaar beskou word.

Die verdeling tussen korttermyn en „ander” staatseffekte is beraam op dieselfde basis as vir handelsbanke.